

Grandfather's Cottage

Nuy Vallei - KloppersBosh

023 342 1207
083 455 1154

Hoe ver is dit ?

Ongeveer 1 uur vanaf Kaapstad

Grandfather's Selfsorg Berghuisies is geleë in die asemrowende Nuy Vallei, op die welbekende Route 62 tussen Worcester en Robertson.

Meer Inligting !

Grandfathers Cottage word besit en bestuur deur Danie en Stiennie Visser op die plaas Kloppersbosh, Nuy Vallei.

Hierdie berghuisies skakel baie mooi in by die Nuy se pragtige natuurskoon en verwelkom graag toeriste en gaste van die nabye omgewing asook van elders.

Vir n wegbreek van die allerdagse gejaagde stresvolle stadslewe is hierdie juweeltjie aan die voet van die Langeberge met sy rustige, skoon, vriendelike, sorgvrye en veilige omgewing een van die gesogste wegbreek plekke op die Route 62.

Ervaar die rustigheid, ontwaag met voelsang, drink ons lekker skoon bergwater en plaasvars melk, en kom koop en geniet ingemaakte produkte, uit ouma Stiennie se kombuis.




Hoe kom ek daar ?

Vanaf Worcester, neem die R60 soos na Roberson na ongeveer 14 km neem die afdraai na Links by die bord Nuy Vallei.

Vanaf Robertson, neem die R60 soos na Worcester na ongeveer 30 km neem die afdraai na Regs by die bord Nuy Vallei.

Ry op die Nuy pad vir +- 7km tot by die Nuy Kelder.

Volg die pad om die Nuy Kelder hou reguit aan vir +- 5.6km tot by die plaas op Linkerkant Kloppersbosh - Danie en Stiennie Visser.



Waar slaap ek ?

In die Grandfathers Cottage Berghuisies.

Ten volle toegerus, met volledige kombuis en deel geriewe.

Ideal vir gesinne wat wil wegbreek, Bybelstudie groepies welkom

Groep besprekings vir 15 persone.

Ideal vir oues van dae wat lus is om bietjie weg te breek van die gewoel van die stadslewe.



Nog Inligting !

Dagbesoekers - kom vier jou Verjaarsdag partytjie op die plaas n lekker groot lapa beskikbaar 10 tot 50 persone met braaigeriewe.

Kinders kan heerlik baljaar in die 3 splash pools terwyl die ouers en vriende saam kuier en lekker gesellig verkeer.

Bruide van die kliplapa welkom om hier te kom aantrek en asemrowende foto's in die mooi tuine te kom neem.



Waar eet ek ?

Spesiaal opgestelde spyskaart vir gaste van Grandfathers Cottage deur Werda by Conradie's wynkelder en gastehuis ongeveer 2 km daarvandaan.

Wat doen ek ?

Bring jou bergfiets en Quadbike en kom ry rond op die plaas en in die berge
Volg die voetpaadjies en gaan stap in die natuur, vir voëlliefhebbers hier is die plek om te wees om een van die grootste verskeidenheid van voëlspesies te kom kyk.
Perdeliefhebbers bring jou perd en kom geniet uitryritte in die pragtige natuurskoon.
Vir die wat wil afkoel is daar 3 splash pools beskikbaar.
4x4 Roetes in die berge.

Wyn proe en kelder toere by die kelders in die Nuy en in die omgewing.

(Nuy kelder, Conradies Wynkelder, Leipzig kelder ens.....)

Gaan loer in by die plaasmark by die Nuy Kelder.

Trekker ritte en "sundowners" met Irma en Andre Conradie op n naby gelee koppie.

Musiek en vermaaklikheid by die Nuy gaste plaas.

Besoek die allergewilde Pitkos padstalletjie vir tuisgemaakte produkte en geskenke

Gaan maak n draai by Willow Creek en gaan proe hul olywe van uitstaande gehalte

Vir die avontuurlistiges gaan doen "river rafting" saam African Water Wanderersteam op die Breede rivier.

Kanoë en bootvaarte beskikbaar op die Breederivier.

Vir nog meer inligting wat als beskikbaar is gaan na www.worcestertourism.co.za

- * Kunstgalerie
- * Karoo Nasionale Botaniese Tuin
- * Kleinplasia Opelug Museum
- * Kwv Brandewyn Kelder
- * Hugo Naude Museum en Jean Welz Kunstgalerie
- * Klaskuns deur David Reade
- * Oudste kruietuin in RSA
- * Stock Car Racing
- * 4x4 Roetes
- * Paragliding en Skydiving
- * Voëlpark